

## ‘n Onverganklike erfenis



### Sabbatmiddag

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

*1 Petrus 1:1, 2; Johannes 3:16; Eségiël 33:11; 1 Petrus 1:3–21; Levitikus 11:44, 45; 1 Petrus 1:22–25.*

#### Geheeteks:

“As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveernde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit ‘n rein hart;” (*1 Petrus 1:22*).

**W**anneer ons die Bybel bestudeer en veral op een boek fokus, of selfs ‘n afdeling van ‘n boek, moet daar, indien moontlik, eers ‘n paar vrae beantwoord word. Eerstens sou dit goed wees om te weet wie die toehoorders was. Tweedens, en miskien die belangrikste, sou dit goed wees om te weet wat die presiese rede vir die skrywe was. Wat was die besondere saak of strydvraag (indien enige) wat die skrywer wou aanspreek (soos byvoorbeeld Paulus se Brief aan die Galásiërs met betrekking tot die teologiese dwalings oor verlossing en die wet)? Ons weet dat baie van die Nuwe Testament in die vorm van briewe geskryf is, en mense skryf gewoonlik briewe om spesifieke boodskappe aan die ontvangers oor te dra.

Met ander woorde, terwyl ons Petrus se brief lees, sal dit goed wees om soveel as moontlik van die historiese konteks van sy brief te weet. Wat het hy gesê, en hoekom het hy dit gesê? En natuurlik, die belangrikste van alles: Watter boodskap kan ons (*aan wie dit ook al, deur inspirasie, geskryf was*) daaruit kry? En, soos ons spoedig sal sien, selfs in die eerste paar verse, het Petrus baie belangrike waarhede om aan ons te openbaar vandag, eeue nadat hy dit geskryf het.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 8 April.*

## Aan die vreemdelinge van die verstrooiing

Indien 'n stuk papier in jou hand gestop sou word waarop die aanvangswoorde “Geagte heer” geskryf is, sou jy besef dat jy besig was om 'n brief te lees, en sou jy dadelik aanneem dat jy die skrywer van die brief nie so goed ken nie. Net soos moderne briewe gewoonlik begin, so was dit met antieke briewe die geval. Petrus begin hierdie brief met 'n aanhef soos enige ander antieke brief begin was. Dit identifiseer die skrywer en diegene aan wie die brief geskryf word.

**Lees I Petrus 1:1. Wat kan ons uit hierdie een versie wys word wat sal help om ons 'n bietjie konteks te gee?**

---

Petrus identifiseer homself onmiddellik. Die eerste woord in die brief is sy naam. Hy definieer homself as “ 'n apostel van Jesus Christus”. Dus, soos Paulus dikwels gedoen het (*Gal. 1:1, Rom. 1:1, Efés. 1:1*), bewys Petrus reg van die begin af dat hy in besit van “geloofsbriewe” is, en hy beklemtoon sy Goddelike roeping. Hy was 'n “apostel”, “een wat gestuur is” ('n “geroepene”), en die Een wat hom gestuur het, is die Here Jesus Christus self.

Petrus identifiseer die gebiede waarheen sy brief gestuur moes word: Pontus, Galásië, Kappadócië, Asië, en Bithinië. Hierdie is almal streke van Klein-Asië, min of meer die gebied van moderne Turkye oos van die Bosporus seeweg wat die Swartsee met die See van Masmara verbind. Daar word gedebatteer of Petrus hoofsaaklik vir Joodse gelowiges of vir gelowiges uit die heidene geskryf het. Die terme wat Petrus in I Petrus 1:1 gebruik, “vreemdelinge” en “verstrooiing [diaspora]” word gebruik vir Jode wat nie in die Heilige Land gedurende die eerste eeu na Christus gewoon het nie. Die woorde “uitverkore” en “heiligmaking” in I Petrus 1:2 kan op beide Jode en Christene toegepas word. Deur hulle wat nie deel van die gemeente is nie as “heidene” te beskryf (*I Pet. 2:12, 4:3*), word die aandag gevestig op die Joodse karakter van hulle aan wie Petrus skryf.

As antwoord hierop redeneer party Bybelkenners dat wat Petrus in I Petrus 1:18 en 4:3 sê meer van toepassing op heidense bekeerlinge is, as Joodse bekeerlinge. Per slot van rekening, sou Petrus regtig aan Jode oor die “wil van die heidene” geskryf het? 'n Vrye vertaling van die NRSV Engelse vertaling sal lees, “die ydele weë oorgeërf van julle voorgeslagte”. Of sou hy aan die Joodse lesers gesê het, “Want dit is genoeg dat ons die afgelope leeftyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikhede, dronkenskap, brasserye, drinkpartye en ongeoorloofde afgoderye” (*I Pet. 4:3*)? Wat nog meer belangrik vir ons is, is nie soseer wie die lesers was nie, maar eerder wat die boodskap sê.

## Uitverkore

**Read Lees I Petrus 1:2.** Wat anders vertel hierdie vers ons oor hulle aan wie Petrus geskryf het? Wat noem hy hulle?

---



---



---

Of hy nou spesifiek aan Joodse of aan heidense gelowiges geskrywe het, vir Petrus was een ding seker: hulle was “uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader” (*I Pet.1:2*). Hier moet ‘n mens egter versigtig wees. Dit beteken nie dat God sommige mense voorbestem het om gered te word en sommige om verlore te gaan nie, en soos die geluk dit wou hê, hulle aan wie Petrus hier geskrywe het deel was van die uitverkose groep wat vir redding voorbeskik was nie. Dit is nie wat die Bybel leer nie.

**Lees I Timóteüs 2:4, II Petrus 3:9, Johannes 3:16, Eségiël 33:11.** Hoe help hierdie verse ons om te verstaan wat Petrus bedoel het toe hy hierdie mense die “uitverkorenes” genoem het?

---



---



---

Die Skriftuur maak dit duidelik dat dit God se plan was om almal te red, ‘n plan wat in plek gestel was al voor die skepping van die aarde: “soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld” (*Efé. 1:4*). “Almal” is “uitverkore” om gered te word volgens God se oorspronklike doel en niemand om verlore te gaan nie. Hy het die hele mensdom uitgekies om die ewige lewe te beërwe. Dit beteken dat die plan van verlossing voldoende vir almal was om met Hom versoen te word, selfs indien almal nie die versoeningsaanbod sou aanvaar nie. God se voorkennis van wie uitverkorenes is, beteken doodeenvoudig dat Hy weet wie deur hulle vrye keuse sal kies om gered te word. Hierdie voorkennis het geensins hulle keuse gedwing nie, net soos ‘n ma se voorkennis dat haar kind sjokolade koek in plaas van groen bone sal kies, nie die kind gedwing het om te kies wat hy gekies het nie.

**Watter soort versekering kan jy kry uit die bemoedigende waarheid dat God jou gekies het om gered te word?**

# Hooftemas

**Lees I Petrus 1:3–12. Wat is Petrus se hoofboodskap in hierdie verse?**

---

---

---

---

---

In I Petrus 1:1, 2 begroet Petrus sy lesers deur na die Vader, die Seun en die Heilige Gees (*I Pet. 1:2*) te verwys. Die drie lede van die Godheid vorm die onderwerp van I Petrus 1:3-12. Die Vader en die Seun is die onderwerp in I Petrus 1:3-9, en in I Petrus 1:10–12 word daar op die Heilige Gees gefokus. Terwyl hy oor die Vader, die Seun en die werk van die Heilige Gees skryf, verwys Petrus na baie van die temas waaroor hy later sal skryf. Christene is wedergebore, sê Petrus (*I Pet. 1:3; sien ook Joh. 3:7*). Hulle hele lewe is deur Jesus se opstanding verander om ‘n buitengewone erfenis wat in die hemel op hulle wag, te ontvang (*I Pet. 1:3, 4*). Hier, net soos in so baie ander plekke in die Nuwe Testament, is die opstanding van Jesus die sleutel tot die Christen se hoop.

Hierdie hoop gee aan Christene ‘n rede om te juig, al ondervind baie van die lesers van I Petrus huidiglik lyding. Hierdie lyding toets en suiwer hulle geloof, net soos vuur goud louter. Al het Petrus se lesers nie Jesus gedurende Sy aardse bediening gesien nie, het hulle Hom lief en glo hulle in Hom. En die uiteinde van hulle geloof in Hom is redding volgens die belofte van “ ‘n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis ... wat in die hemele bewaar is vir ons” (*I Pet. 1:4*). Petrus stel hulle ook in kennis dat die profete van ouds oor “die genade wat vir julle bestem is” geprofeteer het (*I Pet. 1:10*). Die profete van die Ou Testament het “ondersoek en nagevors” (*I Pet. 1:10*) oor die verlossing in Jesus wat deur hierdie mense ondervind word. Terwyl hulle vervolgt word vir hulle geloof, toon Petrus dat hulle deel is van ‘n groter stryd tussen goed en kwaad. Uiteindelik probeer hy om hulle te help om getrou aan die waarheid te bly, selfs te midde van beproewinge.

**Volgens I Petrus 1:4 is daar ‘n erfenis “in die hemele bewaar [is] vir ons”. Dink op persoonlike vlak hieroor na; daar word ‘n spesifieke plek in die hemel net vir jou bewaar. Hoe behoort jy dan persoonlik op hierdie wonderlike belofte te reageer?**

## Om soos verlostes te lewe

**Lees I Petrus 1:13–21. Volgens hierdie skrifgedeelte, wat behoort die motivering te wees om Christelik op te tree?**

---

---

---

Die woord “daarom” waarmee I Petrus 1:13 begin, toon dat wat Petrus volgende wil sê, volg op wat hy so pas gesê het. Soos ons in gister se studie gesien het, het Petrus oor die genade van God en die hoop wat Christene op Jesus vestig, geskryf (*I Pet. 1:3–12*). As gevolg van hierdie genade en hoop, dring Petrus by sy lesers aan, “omgord die lendene van jule verstand” (*I Pet. 1:13*). Met ander woorde, hulle moet hulle verstand voorberei om vas te staan en getrou te bly (*I Pet. 1:13*).

**Lees I Peter 1:13. Wat beteken dit om jou hoop ten volle op die genade wat in Jesus openbaar word, te vestig?**

---

---

---

Sonder om te skroom, vertel Petrus hulle dat hulle hoop alleenlik in Jesus moet rus. Maar dan beklemtoon hy dat die gevolg van hulle redding ‘n sekere vlak van Christelike gedrag vereis. Hy noem drie groot motiverings om Christelik op te tree: die karakter van God (*I Pet. 1:15, 16*), die komende oordeel (*I Pet. 1:17*), en die prys van verlossing (*I Pet. 1:17–21*). Die eerste motivering om soos ‘n Christen op te tree, is die karakter van God. Hierdie karakter kan soos volg opgesom word: God is heilig. Petrus haal Levitikus 11:44, 45 aan, “wees heilig; want Ek is heilig” (*I Pet. 1:16*). Daarom moet hulle wat Jesus volg, ook heilig wees (*I Pet. 1:15–17*). ‘n Tweede motivering om Christelik op te tree, word gevind in die besef dat God wat heilig is, elkeen onpartydig sal oordeel volgens wat hulle elkeen gedoen het (*I Pet. 1:17*). ‘n Derde motivering spruit voort uit die groot waarheid dat Christene gered word. Dit beteken dat ‘n prys vir hulle betaal is, ‘n baie hoë prys: “die kosbare bloed van Christus” (*I Pet. 1:19*). Petrus beklemtoon dat die dood van Jesus nie per ongeluk in die geskiedenis plaasgevind het nie, maar dat dit voor die grondlegging van die wêreld al beplan was (*I Pet. 1:20*).

**Wat motiveer jou om ‘n Christen te wees? Wat en hoekom sal jy antwoord indien iemand jou sou vra, hoekom is jy ‘n Christen? Bring jou antwoorde Sabbat na die klas toe.**

## Julle moet mekaar liefhê

In wat volg, vestig Petrus Christene se aandag op hoe 'n heilige en getroue lewe op sy beste behoort te lyk.

**Lees I Petrus 1:22–25. Watter kernbeginsel lig hy hier uit oor wat dit beteken om 'n Christen te wees?**

---

Petrus se beginpunt is dat Christene alreeds gereinig is (“julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig ...”), as julle “in gehoorsaamheid aan die waarheid” lewe (*I Pet. 1:22*). Die werkwoord “gereinig” of “skoongemaak” is nabyverwant aan die woorde “heilig” en “heiligheid”, wat gekoppel is aan wat hy vroeër in 'n paar verse geskryf het (*I Pet. 1:15*). Deur hulle toegewydheid aan Jesus, en deur hulle doop (*vergelyk met I Pet. 3:21, 22*), reinig Christene hulleself deur hulle eenkant by God te skaar, en hulle doen dit deur die waarheid te gehoorsaam. Hierdie verandering in hulle lewens het 'n natuurlike gevolg waardeur hulle hulself in 'n innige verhouding met ander bevind wat dieselfde wêreldbeskouing as hulle deel. Hierdie verwantskappe is so innig dat Petrus gesinhaal gebruik om dit te beskryf. Christene moet met broederlike en susterlike liefde optree. Die Griekse woord wat in I Petrus 1:22 gebruik word waar hy van die “broederliefde” praat, “*philadelphia*”, beteken letterlik “die liefde van 'n broer of suster”. Dit is die liefde wat gesinne vir mekaar het.

Daar is verskeie woorde in die Grieks wat as “liefde” vertaal word: “*philia*” (vriendskap), “*eros*” (die hartstogtelike liefde van 'n man en vrou), “*agape*” ('n rein liefde wat goed wil doen aan ander). Die woord wat Petrus gebruik wanneer hy skryf “julle (moet) mekaar vurig liefhê” (*I Pet. 1:22*), word aan “*agape*” gekoppel – die rein liefde wat net die beste vir ander wil hê. Dit is sekerlik hoekom hy die frase, om mekaar lief te hê “uit 'n rein hart”, bygevoeg het (*I Pet. 1:22*), die tipe hart wat voortspruit uit 'n “wedergebore” ondervinding (*I Pet. 1:23; sien ook I Pet. 1:3*) deur die lewende Woord van God. Hierdie tipe liefde kom alleenlik van God; dit is nie wat 'n selfsugtige, selfgesentreerde onwedergebore hart wil huisves nie, en daarom plaas Petrus soveel klem daarop om rein te wees in “gehoorsaamheid aan die waarheid” (*I Pet. 1:22*). Die waarheid is nie net iets wat geglo moet word nie; dit moet geleef word.

**Hoe kan ons leer om meer liefdevol te wees? Watter keuses moet ons maak om ons in staat te stel om die liefde wat uit 'n “rein hart” kom, te huisves?**

---

**Vir verdere studie:**

Lees Ellen G. White, “*Perfect Obedience Through Christ*,” bl. 374-375 in *Selected Messages*, Book 1. Sien ook Ellen G. White, “*Christ the Way of Life*,” bl. 365-368, en “*Perfect Obedience Through Christ*,” bl.373-376 in *Selected Messages*, Boek 1. Dit is verbasend hoe ryk en diep hierdie eerste hoofstuk van Petrus is, en hoeveel dit insluit. Petrus begin sy brief met ‘n bepeinsing oor die karakter van die Godheid: die Vader, die Seun, en die Heilige Gees. Die Vader het ‘n Verlosser in die persoon van Sy Seun, Jesus Christus, voorsien, en ons word in Christus uitverkies vir heiligmaking en gehoorsaamheid. Ons leer om Jesus lief te kry, en in Hom juig ons met groot vreugde, want, deur Sy dood en opstanding, het ons die belofte van ‘n “onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis” in die hemel. Selfs te midde van beproewings kan ons ons grootliks verheug in die redding wat Christus aan ons bied. “Sy [Petrus se] briewe het gedien om die moed van diegene wat beproef en verdruk is, te vernieu en hulle geloof te versterk, en om diegene wat weens baie versoekings gevaar geloop het om hulle houvas aan God te verloor, tot goeie werke aan te spoor.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 407. Intussen het die Heilige Gees deur die profete gewerk om die tyd waarin Petrus en sy lesers sou lewe, uit te spel. Die gevolg is dat Christene heilige lewens moet lewe wat gevul is met gehoorsaamheid aan die waarheid in gemeenskappe wat liefde weerspieël wat kom uit ‘n “rein hart”.

**Vrae vir bespreking:**

- 1. Hersien julle antwoorde van die vraag aan die einde van Woensdag se studie: Wat motiveer ons om Christene te wees? Wat het julle antwoorde in gemeen met mekaar? Hoe uiteenlopend is hulle?**
- 2. Tweekeer in hierdie hoofstuk (*1 Pet. 1:3, 21*), het Petrus die opstanding van Jesus genoem. Wat omtrent die opstanding is uiters belangrik vir ons geloof?**
- 3. Petrus het oor ‘n “onverganklike erfenis” geskryf (*sien ook Daniël 7:18*). Wat beteken dit? Dink aan al die dinge in die wêreld en hierdie lewe wat verdwyn of wat oombliklik vernietig kan word. Wat behoort dit ons te vertel van hoe wonderlik ons beloofde erfenis werklik is?**
- 4. Hoe kan ons geloof te midde van beproewings groei? Met ander woorde, watter keuses kan ons maak om ons te help om te leer uit dit wat ons ly?**

